# RESENSIE

(deur Elize S van Eeden)

## NEDERLAND EN DIE AFRIKANER: GESPREK OOR APARTHEID. DIE PAGINARUIL TUSSEN *TROUW* EN *DIE BURGER*, 1963-1964 - Dr. HO Terblanche (Navorsingspublikasie C30, 1998, Universiteit Port Elizabeth). ISBN 0869887106 (238 pp).

Hierdie publikasie deur historikus dr. Otto Terblanche is hoofsaaklik daarop gerig om verhoudinge tussen Suid-Afrika en Nederland in die vroeg-sestigerjare uit te lig. Verhoudinge daarvoor en daarna is, hoewel oosigtelik voorgehou, verhelderend. Die skrywer neem die leser op 'n goed-geordende historiese reis deur menings pro- en anti-apartheid. Dit is veral die bladsyruil-ooreenkoms tussen die Nederlandse koerant *Trouw* en die Suid-Afrikaanse koerant *Die Burger* waaraan aandag gegee word.

Die publikasie vervat vyf hoofstukke, met 'n Voorwoord en Addendum geskryf deur PJ Cillié (oud-redakteur van *Die Burger*). Skrywer Riana Scheepers het 'n slotwoord geskryf, getiteld "'n Tuiskoms", waarin sy onder meer 'n kort perspektief gee op haar tuiste, Suid-Afrika, en die bevrydende gedagte om ook te mag tuis wees in die Lae Lande.

In Hoofstuk Een getiteld "Sporadiese kontak, 1960-1963" val die klem op kritiese dialoog, gevolg deur die verwydering tussen Suid-Afrika en Nederland. Perspektiewe van 'n aantal persone oor die aard van hierdie dialoog is voorgehou. 'n Periode van joernalistieke verbintenis tussen *Die Burger* en Nederland se *Trouw* het in 1963 gevolg: *Die Burger*, as opinie-vormende hoeksteen van Nasionale Party-denke in Suid-Afrika en *Trouw*, as aanvanklik 'n ondergrondse geheime versetblad wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog in Nederland begin is. Om die sporadiese kontak tussen Suid-Afrika en Nederland verder te beklemtoon, het die skrywer ook toeligting verskaf oor die posisie van en standpunte oor Apartheid van die Nederlandse Zuid-Afrikaanse Vereeniging (1881 gestig) en die Nederlandse Zuid-Afrikaanse Werkgemeenskap (1963 gestig).

*Die Burger* en *Trouw* se dialoogvoering is in Hoofstuk Twee bespreek onder die titel "Die eerste bladsyeruil, 1963." Struikelblokke moes oorkom word, onder meer taal- en kulturele beskouinge wat elke koerant eers van die ander moes begryp en bemeester, sowel as die organisasieproses om die bladsyeruil moontlik te maak. Ook die verwagtinge en insiggewende internasionale reaksie op die bladsyeruildag, 13 Desember 1963, val op.

*Trouw* se bladsyeruil is oor die breë boeg geëtiketeer as standpunte vanuit 'n dominerend religieuse en morele vertrekpunt. *Die Burger*, daarteenoor, het op 'n potpourri van temas gekonsentreer, naamlik die volk-gedagte, uniekhede aan die Suid-Afrikaanse samelewing en die onsekere voorbeeld wat die res van Afrika stel. Openheid is deurentyd deur beide koerante beklemtoon. *Trouw* se opregtheid in die verband is opvallend - ook hulle kritiek was minder venynig en voorskriftelik. Op p. 76 is die skrywer vir die eerste keer opvallend uitgesproke. Hy skroom nie om *Die Burger* (by name sy redakteur) te kritiseer oor die wyse waarop dr. Klatter se opinie in *Trouw* se bladsyeruil geïnterpreteer is nie.

Beide koerante se bladsyeruil-inhoud het oor die algemeen insiggewende positiewe sowel as negatiewe reaksies van lesers, meningsvormers en die media ontlok. Die oorwoë mening dat *Trouw* 'n "religieus prekerige mentaliteit" geopenbaar het teenoor *Die Burger* se totale ontvlugting daarvan is betekenisvol. Dit is, terloops, verbasend om nie eers een bronneverwysing van akademici van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys op te merk nie, gesien in die lig daarvan dat kritiek uitgespreek is oor die gebrek aan 'n fundamentele benadering wat op die Christelik-prinsipiële gerig is.

In Hoofstuk Drie se bespreking, getiteld "Apartheid bly 'n sturikelblok, 1964" word aandag gegee aan die uitslag van die Revonia-verhoor en *Die Burger* en *Trouw* se meningsverskille daaroor. Cillié se uitgebreide reis na Nederland gedurende September-Oktober dié jaar is ook toegelig. Sy indrukke en korrespondensie op hoë vlak is beskou as baanbrekerswerk in die poging om verwaarloosde en vervreemde verhoudinge tussen die lande te omvorm/omskep tot iets meer blywends. Drr. Hilgard Muller and JJ (Buks) Fouché se bydraes as verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse regering se perspektief om dialoog te bevorder, is ook deur die skrywer aangeroer. In Nederland is ook inisiatiewe geneem om verdere dialoog tussen die lande te bevorder (vergelyk byvoorbeeld die NZAV-simposium en die onsuksesvolle De Gaay Fortman-missie).

Hoofstuk Vier is gewy aan "Die Tweede bladsyeruil, 1964" - 'n maand na Cillié se terugkeer uit Nederland soos in Hoofstuk Drie toegelig. Die impak daarvan op meningsvormers, hooggeplaastes, akademici en die res van die leserskorps was insiggewend, dog minder beduidend as die eerste bladsyruil-poging. *Trouw* se redakteur, Bruins Slot, en *Die Burger* se redakteur het in hierdie tweede ronde kennelik met hulle idees die gesprekpodium gedomineer. Bruins Slot was baie beslis oor die noodsaaklikheid van dialoog en begrip tussen volkere terwyl Cillié se standpunte gerig is op die vryheid van 'n volk (in Afrika). Die wyse waarop die Suid-Afrikaanse regering dit wou bereik, is onderskryf - inderdaad twee brille waardeur dieselfde saak - apartheid - beskou is met oënskynlik geen begeerte om groter insigte te verwerf, te begryp of aan te neem nie. Dit sou eerder op die oog af getipeer kon word as 'n status quo-poging om eie standpunte te verdedig.

Daarop volg die laaste hoofstuk, Hoofstuk Vyf. Hierdie hoofstuk het, ewe gepas, die titel "Ontspoorde verhoudinge". In die periode 1965 en daarna is redes gedebatteer waarom die gepoogde dialoog sedert die sestigerjare eerder 'n kreeftegang gegaan het. Dat *Die Burger* 'n Calvinistiese vertrekpunt in sy standpunte ingeneem het teenoor *Trouw* as Humanisties-Christelikgerigte spreekbuis is een van die uitsprake wat gemaak is. Geen onderskeid as sodanig is gemaak van hoe die "Calvinistiese Christen" (aldus *Die Burger*-ondersteuners) polities dink en hoe die "Humanis-Christen" (via *Trouw* se politieke sentimente) teen die sestigerjare daar uitgesien het nie, en of die een benadering as sodanig meer aanvaarbaar is as die ander nie. Teen die agtergrond van bilaterale gesprekke is dikwels 'n geslotenheid geopenbaar. Die skrywer wys dit pertinent met talle voorbeelde uit. Daarop volg 'n bespreking van die weiering van visums na Suid-Afrika aan *Trouw* se Van Kaam (die inisieerder agter die eerste bladsyeruiling) en redakteur Bruins Slot. In die lig daarvan kan daar maar net gewonder word in welke mate hierdie georkestreerde gesprekke van blywende betekenis was en of dit hoegenaamd opbouende "resultate" opgelewer het. (Van Kaam is wel positief oor die uitwerking daarvan.) As 'n laaste bespreking in hierdie hoofstuk verskaf Terblanche 'n stewige oorsig van die dialoogstatus tussen Nederland en Suid-Afrika in die dekades sewentig en daarna.

Die historiese waarde van Terblanche se publikasie is veral te vind in die multiperspektiwiese benadering wat gevolg is rakende elke faset van die periode onder bespreking. Inhoudelik is baie detail voorgehou en die skrywer verlaat hom feitlik deurlopend in die publikasie op direkte aanhalings - dus al die rolspelers aan die woord - met die skrywer as't ware as fasiliteerder van die

inhoud in 'n tipies Rankeaanse sin van die woord. Min van die skrywer se idees of opinies is gevolglik aan die orde, hoewel ook nie totaal afwesig nie. Struktureel is die inhoud baie bevredigend benader en lesersvriendelik.

Soos met die meeste publikasies die geval is, het Terblanche se publikasie 'n paar spreekwoordelike "jakkalsies in die wingerd" opgelewer. Op p. 23 word die Nasionale Party se stigting aangedui as 1915, terwyl die meeste bronne dit eens is dat die datum 1914 behoort te wees. Die hoofstuktitels van veral die eerste twee hoofstukke korreleer nie altyd met die inhoud nie. In die meeste gevalle word een en meer jare se geskiedenis aan die orde gestel net as 1963 of net 1964, ens. Daarby is daar soms sprake van eensydighed en 'n tekort aan endnootverwysings (vgl.byvoorbeeld p. 27, laaste paragraaf). Sommige teksdele kom herhalend voor (vgl. byvoorbeeld pp. 36-7 in afdeling 1.6 teenoor afdeling 3.6 op pp. 130-1 waar dieselfde aangeleentheid bespreek is). Kruisverwysings sou dalk wenslik gewees het.

Op 'n meer inhoudelike vlak is daar vrae wat in die lug bly hang. 'n Mens kan byvoorbeeld net wonder hoe die *Transvaler* (wat nie wou meedoen nie) gereageer het op die afloop van die eerste bladsyeruiling tussen *Trouw* en *Die Burger*. Hulle sieninge oor ander sake daarna is wel in geen onduidelike terme nie bespreek. Dit geld tewens ook vir die internasionale publiek wat baie gaande was oor die uitruilingsgedagte, maar wie se reaksie nie opgevolg is nie.

Ongeag hierdie enkele beperkinge is die publikasie *Nederland en die Afrikaner* inderdaad baie insiggewende leesstof - vir onder andere die historikus en vir die dosent van Geskiedenis wat navorsingsdata verwelkom, waarin 'n sensitiwiteit vir 'n diversiteit van perspektiewe bestaan. Die temas apartheid en dialoog, veral met een van Suid-Afrika se Europese skakels, Nederland, is altyd van waarde en steeds hoogs kontroversieel. Dit is veral bemoedigend om te weet ydat Suid-Afrika in dr. Terblanche weer 'n kundige het wat in Suid-Afrika se verhoudinge met Nederland spesialiseer.